Hoër Tegniese Skool Potchefstroom

STIGTINGSDATUM: 1903
LEUSE: ONS BOU
ADRES: MC RHOODELAAN, VYFHOEK PLOTTE, POTCHEFSTROOM

Skoolgeskiedenis

Oorlog bring nie net lyding vir soldate mee nie, maar ook vir hul familie. Die Boere het in die Anglo-Boereoorlog mettertyd al hoe groter verliese gely en die getal oorlogsweeskinders het toegeneem. In 1903 is 'n weeshuis in die klein NG Kerk op Vyfhoek naby Potchefstroom geopen. Die groeiende weeshuis is uit die kerk na tente verskuif en terselfdertyd is nog 'n weeshuis in Potgieterstraat, Potchefstroom, geopen. Die twee weeshuise het in 1903 saamgesmelt, en in 1905 het JP Bredell die hoof geword. Dominee ML Fick het die stigting van 'n handelsskool by die weeshuis voorgestel. Die skool het in 1905 vakke soos skoenmakery, leerlooiery, wamakery, houtwerk, tuinbou en kleremakery aangebied. Die produkte is verkoop. In daardie stadium was die jaarlikse staatstoelaag vir 'n weeskind £21 per jaar en vir 'n dagskolier £11. Die leerlinge het die geboue in stand gehou.
In 1910 is die meisies na 'n ander terrein verskuif en in 1922 is die skool tot Potchefstroom Handelskool herdoop. Die twee skole is in 1930 geskei, en in 1943 is die skool weer herdoop tot die Hoër Tegniese Skool Potchefstroom. Ná die Tweede Wêreldoorlog is meer vakke aangebied, en die verskeidenheid produkte het ook toegeneem. Daarna het die leerlingtal ook goed aangewas, en nog geriewe, onder meer 'n koshuis, het gekom. Teen 1976 was daar 900 leerlinge, en die skool was op die gebied van atletiek die voorste skool in die land. In 1985 was daar 1 500 seuns op skool – die meeste ooit.

Rugby by HTS Potch

In die jare negentig het rugby gefloreer en die skool het 'n faktor in Wes-Transvaal, nou die Luiperds, geword. Die skool se beste rugbyjare was 1991 en 1992. HTS het vir twee opeenvolgende jare die semifinaal van die Direkteursbeker gehaal, maar ongelukkig teen die Pretorianers Waterkloof en Menlopark in die onderskeie finale verloor. In die afgelope 25 jaar is 76 HTS-spelers vir die Cravenweek gekies. Die skool het 'n paar bekende name in die laaste paar jaar opgelewer. Leon Boshoff het Super 12-rugby gespeel en is Loffie Eloff se assistent by die Lions. Lourens Campher, wie se broer Connie in 1985 vir SA Skole gespeel het, was losvoorspeler vir Noord-Transvaal. Hy was in 1987 in matriek. Jannie Brooks, die rooikop-flank wat later haker sou word, het in die jare negentig en ná die eeuwending 'n paar seisoene vir die Blou Bulle gespeel, en is steeds by hul unie betrokke.
Maar die bekendste oudleerling is dalk Robert du Preez, wat in die begin jare tagtig klaargemaak het. Hy was skrumskakel langs twee van Suid-Afrika se beroemd-

losskakels; Naas Botha by Noord-Transvaal en Joel Stransky by Natal. Du Preez het van 1992 tot 1993 in sewe toetse gespeel. Hy was betrokke by die stigting van die Red Group van Mr Price en woon tans in Durban. Marius Hurter is die skool se ander Springbok. Hy het van 1995 tot 1997 in dertien toetse gespeel. Kleinjan Tromp, 'n 1992-matrikulant en broer van die Springbok Henry Tromp, was van 2001 tot 2006 'n prominente speler vir die Leeus en die Cats. Naas Olivier, 'n 2000-matrikulant, was 'n paar jaar by Westelike Provinsie voordat hy begin 2008 na Auch en die Franse ligas verhuis het.

Die skool se prestasies is hoofsaaklik aan uitstekende breiers te danke. Baie van hulle verdien vermelding, maar die langs dienende Chris Jacobs, breier van die sterk spanne wat in 1991 en 1992 byna die Direkteurstrofee verower het, kan dalk uitgesonder word. Ook Lappies Labuschagne het sy deel bygedra.

HTS Potchefstroom het groot derbies met ander tegniese skole op Klerksdorp en Rustenburg, asook met Hoërskool Sasolburg en Schoonspruit. Die grootste derby is teen Potchefstroom Boys' High, 'n kragmeting wat jaarliks 'n skare van meer as 5 000 lok. In die laaste paar jaar is dit 'n FNB Classic Clash, met al die bestanddele vir 'n opwindende okkasie – met inbegrip van Bulletjierugby waar voorskoolse laaities die skare voor die afskop vir die hoofwedstryd vermaak.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Marius Hurter
Robert du Preez

"As ek een aspek van HTS se rugby moet benadruk, sou dit wees dat ons 'n voorspeler-gerigte spel speel. Ons het nog altyd groot en sterk voorspelers in die 1ste span gehad."

— Chris Jacobs
(breier van die 1ste span vir langer as twintig jaar; Cravenweekbreier vir langer as agt jaar)

"HTS Potch het betreklik onlangs 'n dubbelmedium-skool geword. Dit het wel 'n uitwerking op die rugby gehad, en meegebring dat die skool hom daarop toegelê het om sy eie spelers te ontwikkel en meer anderskleuriges by die sport te betrek. Ons speel deesdae nie meer so baie trofeerugby nie, maar eerder vriendskaplike wedstryde. Daardeur kry ons meer derbies en 'n groter verskeidenheid teenstanders. Ons speel steeds teen baie van die tegniese skole, en 'n Rugbyliga vir Tegniese Skole word tans oorweeg. Ek dink dit sal binnekort ingestel word."

— Lappies Labuschagne
(HTS Eerste XV 2001–04, 2006–07)